

1 Julie

Psalm 139:1-7

Hoe sien die Here my

Die Psalmdigter kom tot die slotsom: Nêrens kan 'n mens vir die Here wegkruip nie! Vir die Here kan jy nie 'n vroom gesig vertoon nie; vir die Here kan jy nie lieg of bedrieg nie. Want die Here sien dwarsdeur my! Ja, die Here ken my. Hierdie wete kan vertroostend wees.

Hy weet hoe ek sukkel nou dat ek oud geword het.

Hy ken my hartseer, my smart.

Hy weet hoe maklik ek kan struikel en val.

Want Hy is God en niemand meer. Daarom kan Hy my troos en bystaan soos geen ander nie. Hierdie wete dat die Here my ken kan my vermaan en berispe.

Hy weet waar ons hom te na gekom het.

Hy weet alles.

Wanneer ons opreg berou het oor wat ons verkeerd gedoen het, weet Hy dit en sal Hy ons vergewe. Maar die wonderlike, heerlike is dat Hy dit nog elke dag doen.

Hy is Skepper en Onderhouer.

Hoeveel van ons kan daarvan getuig?

Wanneer ons gedink het dit is verby met ons, dan skenk die Here uitkoms! Dikwels uit 'n oord waarvan ons dit nooit verwag het nie. Niks is vir die Here onmoontlik nie!

Ook op geestelike gebied het Hy gesorg en sorg Hy vir ons deur sy Seun Jesus Christus. Deur Hom het God ons met Hom versoen en Jesus Christus tree vir ons as kinders van God, elke dag by God die Vader in.

Laat ons daarom vashou. Die Here sien my soos ek is, daar is niks bedek voor sy aangesig.

Laat ons dan leef as sy kinders, elke dag van ons lewe.

Ds. D.F. Coetzee (Virginia)